Nuwe Lied Bediening

En Hy het 'n nuwe lied in my mond gegee, 'n lofsang tot eer van onse Elohiem (Ps. 40:4)

E-pos: kontak@nuwelied.info
Webwerf: http://www.nuwelied.info

Yeshua is die Boom van die Lewe. Wanneer ons die Torah bestudeer moet ons onthou dat Yeshua Messias die Lewende Torah is – die Woord van YHVH wat vlees geword het. Hy is die weg na die waarheid wat lewe gee – die Lewende Manna wat uit die hemel gestuur is. Sonder Yeshua wat deur die Afgesonderde Gees in ons, en deur ons lewe, sal die geskrewe Torah net die dooie letter van die wet wees!!

Parashah 5: *Chayei Sarah* (חיי שרה) – Die Lewe van Sarah

Sarah het honderd sewe en twintig jaar geleef. Dit was die lewensjare van Sarah. Gen. 23:1 – PWL Vertaling[1]

Torah : **Gen. 23:1 tot 25:18**

- **Inleiding:** Keuses.
- **Gen. 23:1 –** Sarah se erflating.
- **Gen. 24:6 –** Die belofte is vir ons kinders.
- **Gen. 24:67 –** 'n Kar-voor-die-perde liefde?
- **Is Verjaarsdagviering tot eer van YHVH?**

Haftorah: 1 Kon. 1:1 tot 31 – Van geslag tot geslag.

B'rit Chadashah: Matt. 2:1 tot 23**;** Heb. 11:11 tot 16

Men will allow God to be everywhere except on his Throne – Spurgeon

Light means nothing to a blind man – A.W. Tozer

Life is not the way it's supposed to be. It's the way it is. The way we cope with it is what makes the difference – Unknown.

[1] PWL Vertaling (Pad van Waarheid tot die Lewe) kan gratis afgelaai word by www.padwlewe.ch:

I can't change the direction of the wind, but I can adjust my sails to reach my destination – Jimmy Dean

Midrash (Torah Bespreking)
Inleiding: Keuses

Elke mens se aardse bestaan het 'n begin (geboorte) en einde (sterwe). YHVH as Skepper-God skenk aan elke mens lewe, asook die keuse hoe om hier op aarde te lewe en die keuse waar om na afsterwe vir ewig te lewe. As baba en as kind het die mens nie die keuse hoe om te lewe nie, aangesien die ouers, of opvoeder, aan die begin jare hiervoor verantwoordelik is. Soos 'n kind opgroei, word hierdie keuse van hoe om te lewe toenemend eie keuses totdat volwassenheid bereik word en elkeen dan die volle verantwoordelikheid vir sy of haar eie lewe aanvaar.

Elke mens se persoonlikheid, en derhalwe die wyse hoe as volwassene gelewe word, of hoe om as volwassene te lewe, is egter die somtotaal van:

- Kennis opgedoen deur die sintuie deur al die jare. Kennis is die somtotaal van alles wat gesien, gehoor, gevoel, geruik en geproe word.
- Lewenservaring (Ondervinding, blootstelling, betrokkenheid, ens. – postief en negatief).
- Omgewing, insluitend verhoudings met ouers, familie en vriende.
- Voorouers (Eks. 20:5; Klaag. 5:7).

Daarom is daar groot waarheid in die woorde: *Elke mens reageer uit sy verlede*!! Die verlede is dikwels die wortel van die talle probleme waarmee volwassenes worstel. Daar is egter 'n oplossing hiervoor wat begin by die keuse wat elkeen moet maak, naamlik: *Gaan ek my onderwerp aan YHVH se liefdevolle onderrig en instruksies en sodoende my gemoed – my wil, denke en optrede – vernuwe om in ooreenstemming met die van Vader-God te kom, of verwerp ek dit wat YHVH uit genade aan my skenk*?

Hierdie keuse gaan gepaard met die keuse van wedergeboorte deur geloof in Yeshua as YHVH se versoeningsoffer. By wedergeboorte is jy egter `n nuwe mens met `n ou verlede. Daarom kan daar dinge (bindinge) in jou verlede wees wat jou verhinder om geestelike volwassenheid te bereik en `n lewe van oorwinning in Yeshua te leef. Dit is van hierdie ou dinge, wat nie met Torah ooreenstem, waarvan jy vry moet kom. Torah-gehoorsaamheid leer jou en help jou om vry in Yeshua te wees! Met wedergeboorte word my Torahlose verlede (sondes) uitgewis en begin my toekoms van Torah-gehoorsaamheid tot vryheid en heiligmaking in Yeshua.

Wedergeboorte is presies wat dit sê, naamlik elkeen word weer gebore. Elkeen word wedergebore as `n geestelike baba. Die vernuwing van die gemoed (opvoedingsproses) geskied deur 'n Torah-gehoorsame leefwyse wat elkeen se gedagtes, woorde en dade in ooreenstemming met die van Vader-God bring. Dit is `n vrymakingsproses van die negatiewe van die verlede en die groeiproses deur heiligmaking (1 Pet. 1;15 en 16) tot volmaaktheid (geestelike volwassenheid) (Matt. 5:48). Deur vernuwing van die gemoed leer jy wat die goeie en welgevallige en volmaakte wil van God is. Daarom skryf Paulus in sy brief aan die Romeine:

Daarom smeek ek julle, my broers, deur die guns van God, dat julle jul liggame beskikbaar stel as lewende, afgesonderde en aanvaarbare offers vir God; dit is julle logiese dienswerk en moenie hierdie wêreld navolg nie, maar word verander deur die vernuwing van julle denke en julle sal kan onderskei wat die goeie, aanvaarbare en volmaakte wil van God is. Rom. 12:2 en 3 – PWL Vertaling

By wedergeboorte moet ons ons Torahloosheid (wetteloosheid) laat staan, asook vrygemaak word van enige negatiewe en bindende gevolge daarvan, sodat ons kan opgroei as Torah-gehoorsame kinders van Vader-God se huishouding. Paulus stel dit ondermeer soos volg:

Ek beskou ook al hierdie dinge as verlies ter wille van die verhewe kennis van Yeshua, Die Gesalfde Een, my Meester, ter wille van wie ek alles verloor het en as gemors beskou het, om Die Gesalfde Een as wins te verkry en dat ek in eenheid met Hom gevind sal word, nie met my onpartydigheid en opregtheid wat uit die geskrewe wet is nie, maar dié wat deur die vertroue van Die Gesalfde Een is, die onpartydigheid en opregtheid wat uit God is sodat ek Yeshua en die wonderwerkende krag van Sy opstanding daardeur kan ken en kan deel aan Sy lyding en gelykvormig gemaak kan word aan Sy dood, dat ek miskien in staat sal wees om die opstanding uit die dood te kan behaal. Nie dat ek dit nou al gekry het of al volmaak gemaak is nie, maar ek hardloop asof ek dit in besit kan neem, waarvoor ek ook deur Yeshua, Die Gesalfde Een, in besit geneem is. My broers, ek reken nie dat ek dit self in besit geneem het nie, maar een ding weet ek: dit wat agter my is, het ek vergeet en ek strek my uit na wat voor is en hardloop na die einddoel om die prys te verkry van die hoogste roeping van God in Yeshua, Die Gesalfde Een. Fil. 3:8 tot 14 – PWL Vertaling

Die nuwe lewe in Yeshua Messias is om die negatiewe wat agter ons is te vergeet en om die toekoms soos ‘n langafstand atleet in te hardloop met die einddoel *om die prys te verkry van die hoogste roeping van God in Yeshua, Die Gesalfde Een.* Dit is die keuse wat elkeen moet maak!!

Alles in die lewe gaan oor keuses. Ons keuses bepaal in vele opsigte ons toekoms. Die geheim is om elke keer die regte keuse uit te oefen! ‘n Torah-gehoorsame leefwyse leer ons hoe om die regte keuses te maak en hoe om as ‘n geregverdigde in Yeshua oorvloed lewe deelagtig te wees.

God asks no one whether he will accept life. This is not the choice. The only choice you have as you go through life is how you live it – Meltzer

I can’t change the direction of the wind, but I can adjust my sails to reach my destination – Jimmy Dean.

While we cannot stop the march of Bible prophecy, we can determine our place in it – Unknown.

If we are to better the future we must disturb the present – Catherine Booth.

Life is not the way it's supposed to be. It's the way it is. The way we cope with it is what makes the difference (Unknown)

In die vorige vier parashot het ons geleer van die keuses wat Adam en Eva, asook Noag en Abraham gemaak het en van die gevolge van hulle keuses. Hierdie week se parashah gaan ook oor keuses. Ons matriarg, Sarah, het ook ‘n keuse gemaak om aan YHVH se onderrig en instruksies gehoorsaam te wees, daarom word sy gereken as een van die geloofsreuse van die verlede soos ons in Heb. 11:11 tot 16 lees:

Deur vertroue het Sarah, wat onvrugbaar was, ook die vermoë ontvang om bevrug te word en toe sy oor die leeftyd was, het sy geboorte gegee, omdat sy seker was dat Hy wat dit beloof het, vertrouenswaardig is. Daarom is daar ook uit een wat gefaal het in ou ouderdom, soveel soos die sterre van die hemel en soos die sand aan die seestrand, wat nie getel kan word nie, gebore. In vertroue is hulle almal dood, sonder om die beloftes te ontvang, maar hulle het dit op ‘n afstand gesien en hulleself daarin verheug en het erken dat hulle vreemdelinge en nomades op aarde is, want die wat sulke dinge sê, wys dat hulle vir hulle ‘n stad soek. As hulle na dié stad waaruit hulle weggetrek het, gesoek het, was daar vir hulle tyd om weer daarheen terug te gaan, maar nou is dit duidelik dat hulle na ‘n beter een verlang; na dit wat in die hemel is. Daarom skaam God Hom nie vir hulle om húlle God genoem te word nie, want Hy het vir hulle ‘n stad voorberei. (PWL Vertaling)

Mag Sarah, en haar opvolger Rebekka, as voorbeeld vir alle vroue dien en mag elke man ook hieruit leer hoe om sy vrou lief te hê soos Abraham vir Sarah lief gehad het en Isak vir Rebekka!

Bepeins of Bespreek

1. As ouers het ons ‘n gelofte afgelê dat ons, ons kinders sal opvoed in die ‘weë van die Here’. Hierdie was ‘n onderneming om as ‘tussenganger’ op te tree in die verhouding tussen ons kinders en hulle Skepper-God – ‘n rol wat ons as ouers moet vervul tot ons kinders volwassenheid bereik. Vandag besef en verstaan talle ouers, soos onsself, dat die opvoed in die ‘weë van die Here’ ‘n gelofte was om ons kinders op te voed om Torah-gehoorsaam te wees. Talle ouers, soos onsself, het egter eers die Torah-gehoorsame pad begin stap nadat die kinders volwassenheid bereik het. Hierdie is ‘n baie moeilik situasie in die ouer-volwasse kind verhouding wat maklik tot spanning kan ly. Hoe moet ouers hierdie situasie hanteer? Moet jy jou kinders om vergifnis vra dat jy, weens eie onkunde, hulle nie die volle waarheid van die Skrifte geleer het nie? Hoe hanteer jy as ouer die tye waar daar saam gekuier word en dit is byvoorbeeld shabbat of kersfees, maar jou kind(ers) se siening daaroor is steeds soos jy hulle geleer het?

Sarah se Erflating

Sarah het honderd sewe en twintig jaar geleef. Dit was die lewensjare van Sarah. Gen. 23:1 – PWL Vertaling

Hoewel die naam van hierdie week se Parashah *Die lewensjare van Sarah* is, lees ons egter in Gen. 23:2 van Sarah se sterwe op die ouderdom van 127 jaar, en later ook van die sterwe van Abraham op die ouderdom van 175 jaar (Gen. 25:7 en 8). Hoekom lê die Afgesonderde Skrifte meer klem op die sterwensdag van die mens en nie op die geboortedag nie? Later meer hieroor!

Met die lees van hierdie parashah dink ons terug aan parashah 1 waar ons geleer het van die begin van YHVH se skepping van ‘n huishouding – van ‘n bruidegom en vader, asook van ‘n bruid en moeder en van kinders in die huishouding.

Soos ons in die vorige parashah geleer het, is Abraham en Sarah die voorbeeld van ‘n huwelik volgens YHVH se standaard. Isak en Rebekka is ook vir ons ‘n voorbeeld. Daarom word die patroon wat in Gen. 1:1 gevestig is ten opsigte van ‘n huisgesin (bruidegom en bruid met kinders wat gebore word uit die verbond) ook in hierdie parashah voortgesit en uitgebrei (duidelik gemaak). Die klem is veral op die rol van die bruid (eggenote en moeder). Sarah en Rebekka is die voorbeeld hiervan en is in vele opsigte ‘n heenwysing na die bruid van Yeshua. Madeleine van Heerden van ons Torah-Klub (corban@telkomsa.net) skryf soos volg:

> *'n Bruid ....., geen huis kan sonder 'n bruid wees nie, ook nie YHVH se Huis nie. As ons na hierdie week se Torah gedeelte kyk, sien ons Isak se bruid word by die waterput gevind. Rebekka is spesiaal deur YHVH uitgesoek vir die beloofde, gesalfde, geofferde Isak. Net so is daar 'n bruid, spesiaal deur die Vader uitgekies vir Y'shua die beloofde, gesalfde, geofferde Lam van God!*
>
> *Geliefdes, ongelukkig is nie een van ons 'n 'virgin bride' soos Rebekka nie, ons is meer soos die vrou by die put....., ons het verskeie ander 'liefdes' in ons lewens gehad. Ons het as gevolg van onkunde en ook rebellie met ander gode rondgespeel en ons het (sal ons maar reguit met mekaar wees), deur ongehoorsaamheid ons ware Bruidegom verneuk. Maar genade op genade, laat Y'shua Hom nie daardeur afskrik nie. Net soos Hosea kom soek Hy ons. Hy kom haal ons een vir een, maak nie saak waar ons is nie!! Mag ons soos die vrou by die put ons 'adultery' dadelik belei en mag ons, ons ware Bruidgom herken as Hy met ons praat.* (Kommentaar Parashah 5 van 1912).

Eva word beskou as die moeder van alle kinders, naamlik van die mensdom, maar Sarah as die moeder (matriarg) van al YHVH se kinders. Hierdie parashah onderstreep die belangrike invloed wat ‘n eggenote en moeder in ‘n huishouding het. Dit bevestig ook die invloed wat ‘n Torah-gehoorsame lewe op die voorkoms van ‘n vrou het. So lees ons aangaande Sarah dat sy die skoonheid van haar jeug oorgedra na haar volwasse lewe. Ons lees dat sy selfs op ‘n hoë ouderdom steeds mooi en begeerlik was (Gen. 12:11).

In Spr. 31:10 tot 31 word die hoedanighede van ‘n deugsame vrou beskryf, naamlik ‘n vrou wat weet wat dit beteken om vrou, bruid en moeder te wees en suksesvol haar rol vervul. Dit is interessant dat elkeen van hierdie hoedanighede verteenwoordig word deur een van die letters van die Hebreeuse alfabet. Is hier ‘n geheimenis in opgesluit? As voorbeeld kan Spr. 31:30 geneem word wat deur die letter *shin* (ש) verteenwoordig word en lees: *Die bevalligheid (bekoring) is bedrog, en die skoonheid is nietigheid; ‘n vrou wat YHVH vrees, sy moet geprys word.* Volgens Hebreeuse denke is die piktogram van *shin* ‘n kroon of drie pilare en daarom simboliseer dit:

- Die drie dimensies van die siel, naamlik wil, intellek (denke) en emosies,
- Die drie pilare van goedhartigheid, geregtigheid (regverdigheid) en genade,
- Die drie pilare waarop die wêreld rus, naamlik Torah, gebede en goeie werke.

Eerstens is ‘n deugsame vrou die kroon op haar man se hoof wat deur haar wil, intellek en emosies die drie pilare van goedhartigheid, geregtigheid en genade in die huishouding vestig deur haar Torah-gehoorsaamheid, gebede en goeie werke.

Die ‘vierkoppige’ *shin* soos wat dit verskyn op die linkerkant van die *tefillin* (gebedsriem wat op die voorkop gedra word) verteenwoordig ook Sarah, Rebekka, Ragel en Lea – die vier matriarge van Israel. Dit verwys na die invloed van die moeder wat sy van die begin af (selfs voor geboorte) op haar kind het as die eerste om haar kind te leer en volgens Torah op te voed. In die verband skryf Rabbi Raskin in sy reeks *The Alephbet* die volgende:

> *The mother’s education is more fundamental, more indelible and is therefore represented by the luchos, which are engraved. The father’s education is likened to the letters of the Torah, ink on parchment, which can be erased. Even though the father’s instructions are important, the mother has a more impressionable and permanent effect on the child. Our mothers and the awesomeness of their teachings are therefore, like the luchos, represented by the four-pronged shin* (Rabbi Raskin – *The Alephbet*).

Die letter *shin* word in Hebreeus geskryf as שין (*shin, yod, nun-sofit*) en die gematria van die woord is 360 (*shin* = 300, *yod* = 10, *nun-sofit* = 50). Volgens die maankalender is daar twaalf maande in ‘n jaar met gemiddeld 30 dae ‘n maand en dus 360 dae. Die vader van die huishouding is dikwels weens werksverpligtinge weg van die huis, maar die moeder is 360 dae van die jaar by haar kinders. Daarom is haar invloed soos grafeerwerk op haar kinders se wil, denke en optrede.

Uit bogenoemde is dit dus duidelik hoekom dit vir Abraham so belangrik was om vir ‘n Isak ‘n vrou te kies wat by Sarah kon oorneem as matriarg. Toe Isak vir Rebekka in Sarah se tent ingeneem het, het Rebekka hierdie geestelike erfenis van Sarah in ontvangs geneem en dit voort geleef.

Toe Abraham gesterf het was die verbond met YHVH in plek en kon hy dit aan Isak oordra. Toe Sarah gesterf het was die rol van ‘n verbondsvrou en –moeder in plek en kon dit deur Rebekka voortgesit word. Isak en Rebekka het twee rolmodelle gehad.

Ons doel as ouers moet ook wees om rolmodelle vir ons kinders te wees sodat hulle in ons voetspore kan volg!

Bepeins of Bespreek:

1. Ons geestelike erflating is baie belangriker as ons materiële nalatensakap soos ondermeer deur Ex. 20:3 tot 5 bewys word. Is jy ‘n rolmodel vir jou kind(ers)? Kan jou kind(ers) na jou kyk en sê: *Ek wil soos pa en ma wees*?

2. Is dit die wil van YHVH dat ‘n moeder voltyds moet werk terwyl haar kind(ers) nog skoolgaande is? Kan sy haar rol as moeder effektief vervul terwyl sy voltyds 5 dae van die week werk?

3. Die letter *shin* is ook simbolies van tonge van van vuur en is ‘n sinnebeeld van die gebeure op *Shavuot* (Pinksterdag) toe die Afgesonderde Gees uitgestort was (Hand. 2:1 tot 13). Is dit nie ‘n groot jammerte dat die bruid en moeder dikwels ‘n tong van vuur in haar mond het en nie ‘n lewe van die vuur van die Afgesonderde Gees nie? Uiteraard geld dieselfde dikwels vir die eggenoot en vader!

4. Die Joodse gebruik waar die man sy vrou (sy hulp) aan die begin van Shabbat seën het, soos om die kinders te seën, groot geestelike waarde en behoort nagevolg te word. Daarom deel ek graag die seëngebed wat ek elke shabbat oor my Godgegewe hulp uitspreek (gebasser op Spr. 31:10 tot 31):

Dankie YHVH, my Vader en God vir ‘n deugsame hulp op wie ek kan vertrou en wat ‘n aanwins vir my en ons kinders is. Dankie dat sy aan my goed doen al die dae van haar lewe en dat sy omsien na ons behoeftes met liefde en sorg. Dankie dat daar wysheid in haar mond en vriendelike onderrig op haar tong is. Dankie vir ‘n hulp wat U vrees en U met toegewyde ywer dien. Omdat sy U vrees sal ons haar prys. Laat sterkte en eer haar daaglikse kleed wees. Gee haar die sekerheid en vertroue dat sy kan lag oor die dag wat kom. Gee dat sy die vrug van haar werke sal geniet. Seën haar met krag en gesondheid. Bewaar haar onder U vleuels. Amein.

Gen. 24: 5 en 6 – Die belofte is vir ons kinders

Toe sê die dienskneg vir hom: “Miskien sal die vrou nie gewillig wees om my te volg na hierdie land nie. Moet ek u seun dan terugvat na die land waaruit u weggetrek het?”Avraham antwoord hom: “Maak seker dat jy my seun nie daarheen terugvat nie. (PWL Vertaling)

Waarom het Abraham vir sy dienskneg laat sweer dat hy nie vir Isak ‘n vrou uit Abraham se geboorteland sou bring nie? Die antwoord vind ons in vers 7:

יהוה, *die God van die hemel, wat my uit my vader se huis en uit my geboorteland weggevat het en wat met my gepraat en vir my gesweer het met die woorde: ‘Aan jou nageslag sal Ek hierdie land gee;’ Hy sal Sy engel voor jou uitstuur en jy moet vir my seun daar ‘n vrou gaan haal* (PWL Vertaling).

Soos YHVH vir Abraham uit Babilon (afgodery) gelei het en nie wou gehad het dat sy nageslag daar na moet terugkeer nie, so wil die Vader hê dat ons ons kinders moet beskerm teen die invloed van Torahloosheid waarvan Babilon ‘n sinnebeeld is. Daarom het Abraham aan sy dienskneg, Eliëser, gesê om seker te maak (Hebreeus: *sh’mar* – om te waak en wag te staan) dat Isak nie deur ‘n heidense vrou verlei en mislei sal word nie. Abraham het YHVH vertrou dat die belofte van die Beloofde Land ook vir sy nageslag bestem was en hy het YHVH vertrou dat Hy vir Isak ‘n bruid sou kies – ‘n geskikte hulp om die erflating van Sarah as matriag te ontvang en na die nageslag oor te dra.

Bepeins of Bespreek

1. *Raising good kids is not easy, there are no college courses ... and by the time you're experienced, you're out of a job* (Unknown). Hoeveel van ons sou nie graag die geleentheid wou hê om ons kinders van vooraf op te voed nie?

2. Is dit ‘n maklike taak om jou kinders teen die invloede en blootstelling van die hedendaagse Babilon te beskerm? Veral vir ouers wat die Torah-gehoorsame pad loop is hierdie taak net nog soveel moeiliker!

Gen. 24:67 – ‘n Kar-voor-die-perde liefde?

En Isak het haar in die tent van sy moeder Sara ingebring en Rebekka geneem, en sy het sy vrou geword; en hy het haar liefgehad. So is Isak dan getroos ná die dood van sy moeder.

Baie van ons is bekend met die lied *Love and Marriage* wat in die jaar 1955 deur Frank Sinatra bekend gestel is. Die woorde van hierdie steeds gewilde treffer lui ondermeer soos volg: *Love and marriage is like a horse and carriage, the one can’t go without the other*! Terwyl hierdie ‘n absolute waarheid is, naamlik dat liefde en die huwelik ‘n saambindende eenheid moet vorm, moet ons wel die vraag vra: *Wat kom eerste; die liefde en dan die huwelik of die huwelik en dan die liefde*? Die verre meerderheid se reaksie sal wees dat die huwelik die uitvloeisel van die liefde is. Dit is liefde, so word algemeen geglo, wat die motivering tot ‘n huwelik is. Maar is dit wat die Skrifte ons leer?

Let op die volgorde in Gen. 24:67! Isak het Rebekka in Sarah se tent ingebring en hy het Rebekka geneem en sy het sodoende sy vrou geword en hy het haar liefgehad. Vir ons klink die volgorde verkeerd! Volgens ons denke moet dit eers liefde wees wat groei tot ‘n huwelik en dan kon Isak vir Rebekka in Sarah se tent (huis) ingebring het. Daarom die vraag: Is ons nie besig om die kar voor die perde in te span nie? YHVH het ‘n meer nugtere siening oor die huwelik, naamlik: Isak het nie met Rebekka getrou omrede hy haar liefhet nie, maar hy het haar liefgehad omrede hy met haar getrou het!! ‘n Groot verskil!

Daarom is die volgende ‘n waarheid wat ons elke dag met ons saam kan neem en kan toepas in ons huwelike en ook in alle verhoudinge:

Liefde is ‘n wilsbesluit, die gevoel en emosie kom later!!

Dit laat my dink aan die gebeurtenis tydens ‘n voor huwelikse beradingsessie: ‘n Huweliksberader vra die jongman hoekom wil hy trou? Die man antwoord: *Omrede ek haar innig liefhet, sy is vir my beeldskoon, ons kommunikeer openlik met mekaar en ons het so baie dinge in gemeen en.....* Op die punt stop die berader die man se redes om te trou deur vir hom te sê: *Jongman, jy wil om selfsugtige redes trou en jou kans op ‘n suksesvolle huwelik is daarom gering*! Uiteraard was die jongman uit die veld geslaan. Die berader verduidelik toe verder deur die jongman die volgende te vra: *Wat sal gebeur as jou bruid in ‘n ongeluk vermink word en nie meer beeldskoon is nie, en wat sal gebeur as daar ‘n ander beeldskone vrou jou pad kruis, en wat sal gebeur as julle nie meer so goed kommunikeer nie en wat sal gebeur as jy uitvind dat julle tog nie soveel in gemeen het as wat jy aanvanklik gedink het nie*?

Die les uit bogenoemde is die feit dat ons emosies nie betroubaar is nie. Ons emosies ry wipplank! Daarom: ‘n Huwelik wat net op grond van die mens se definisie van liefde gebaseer is, is gedoem tot mislukking. Verliefdheid (*falling in love*) verseker nie ‘n suksesvolle huwelik nie!

As kinders van Abraham, Isak en Jakob, en as volgelinge van Yeshua, moet elke man sy vrou liefhê soos Yeshua die gemeente liefhet en bereid moet wees om sy lewe vir sy bruid af te lê. Die huwelik moet die begin van die proses wees om mekaar waarlik lief te hê.

Laat ons ook nie die woorde van Yeshua vergeet nie toe Hy gesê het: Ek het nie gekom om gedien te word nie, maar om te dien (Matt. 20:28). So die vraag is: Wie dien wie in die huwelik?

Laat ons die wyse woorde van wat ware liefde is uit verlede week se parashah herhaal:

Liefde het niks te doen met wat jy verwag om terug te ontvang nie. Liefde het slegs te doen met wat jy bereid is om te gee en ware liefde is bereid om alles te gee. Wat jy terug ontvang sal wissel, maar dit

het geen verbintenis met wat jy bereid is om te gee of hoeveel jy gee nie. Jy gee alles en verwag niks omrede jy waarlik liefhet!!

Wat is die geheim van ‘n suksesvolle huwelik? Paulus sê dat die huwelik ‘n verborgenheid (geheimenis) is (Ef. 5:32). In Grieks het hierdie woord `n godsdienstige strekking en beteken dit: Insig en kennis wat groot voordeel inhou, maar slegs bedoel is vir `n uitgesoekte groepie wat weens sekere handeling (optrede) ingelyf is om toegang tot hierdie kennis te verkry. Hierdie vereiste optrede vir toegang tot hierdie geheimenis is Torah-gehoorsaamheid en kennis van die doel en betekenis van ‘n verbond.

Huweliksgeluk is dus `n verborgenheid, maar toegang tot hierdie kennis, asook begrip en die toepassing daarvan, sal `n gelukkige huwelik verseker. Die openbaring van hierdie verborgenheid is te vinde in die mens se verhouding met YHVH en gehoorsaamheid aan Sy Woord (Yeshua die Lewende Woord – Torah).

Op dieselfde wyse waarop die maan die lig van die son ‘opvang’ en weerkaats, trek die vrou die Goddelike Lig uit haar man en weerkaats dit na die kinders en na haar omgewing. Ongelukkig is dit nie wat ons in die praktyk sien nie. Dikwels is ouerhuise, en die samelewing veral, nie meer die maatstaf van ‘n huwelik volgens YHVH se standaard nie. Dit word toenemend minder eerbiedig as ‘n Goddelike instelling en ‘n verbond. Wat het Torah daarmee te doen? ALLES! Alleen deur die bestudering van die Torah sal ons die doel van die huwelike verstaan en sien dat dit nie slegs ‘n menslike uiting is van vleeslike begeertes nie. YHWH het ‘n doel daarmee! Daarmee bou Hy Sy volk! Vandag word huwelike net nie meer gesien as ‘n afgesonderde (heilige) instelling tussen een man en een vrou nie, asook nie as ‘n verbond nie! Die statistiek oor die egskeidingsyfer is bewys hiervan! Torah-gehoorsaamheid leer vir ons hoe ‘n huwelik ‘n sukses kan wees, naamlik YHVH-God se manier!

Bepeins of Bespreek

1. Satan is besig met `n totale aanslag teen die huwelik en YHVH se definisie van ‘n huwelik. Die tempo van verbrokkeling van huwelike, en die gepaardgaande traumatiese effek daarvan op die hele gesin, asook toenemende goedkeuring van dieselfde-geslag-huwelike (*same sex* marriages) is bewys van Satan se sukses. Talle huwelike eindig nie in egskeiding nie, maar is ongelukkig en spanningsvol (soos ‘n skietstilstand). Die resultaat van beide is `n samelewing van talle volwassenes en kinders wat ernstige emosionele skade het. Is die rede hiervoor nie omrede ons nog nie werklik die geheimenis van die huwelik soos in die Skrifte verskuil is, verstaan nie, asook omrede beide mans en vroue nie hulle rolle in die huwelik verstaan nie? Skip Moen skryf in sy boek, *Guardian Angel*, aangaande sy vrou – sy *‘ezer kenegdo* (geskikte hulp) – die volgende wat veral mans ernstig oor kan besin:

   As my ‘ezer kenegdo, Rosanne is the one who nourishes and supports me when I am in alignment with the Lord and who opposes and chastises when I am not. She teaches me that my agenda isn’t the only agenda, that no one wins when only one wins and that my greatest faults are never hidden from her. But she loves me anyway.

   I believe that God designed a wife to be both friend and enemy at the same time. She is perfectly equipped for this combined role. In fact, if God is sovereign in our lives, then He knows exactly who we need to grind down our rough edges and mold us for His purposes. The goal of marriage, it seems to me, is to learn how to draw near to our soul mates and, in the process, be polished to perfection for God’s use. This is a life---long journey. Since God doesn’t make mistakes (in spite of all the mistakes we make), the presence of one who lifts up a husband and also opposes him becomes the real place of Personal transformation. “No pain, no gain” say the bodybuilders. The same applies to marriage – and the ‘ezer kenegdo is uniquely equipped to bring about the gains God requires of a husband, even if some of them are quite painful.

[Hierdie boek is verkrygbaar as hardekopie of as ‘n e-boek by: http://skipmoen.com/products/guardian-angel/]

Is Verjaarsdagviering tot Eer van YHVH?

Soos reeds genoem plaas die Skrifte die klem op die sterfdag van ‘n persoon en nie soseer op die geboortedag nie. Dit is wel so dat die skrywers van die vier evangelies die geboorte van Yeshua beklemtoon. Ons het egter geen opdrag om ons Messias se geboorte te herdenk nie, maar wel ‘n duidelike opdrag om Sy sterwe en opstanding jaarliks by wyse van Pesag te herdenk. So lees ons ook nêrens dat ons voorvaders en die profete en die apostels se verjaarsdae herdenk was nie.

Daar is slegs drie verwysings in die Skrifte na die herdenking van die geboortedag van ‘n mens, naamlik in Gen 40:20 tot 22; Job 1:4, 5, 18 en 19, asook in Mark. 6:21, 27 en 28, en telkens dan in ‘n negatiewe verband. Tereg kan ons dus vra of verjaarsdagviering tot eer van YHVH is? Ons behoort onsself ook te vra waar het die viering van verjaarsdae dan ontstaan?

Terdeë besef ek dat hierdie ‘n saak is wat vele bespreking uitlok. My doel is dan geensins om veroordelend te wees of om te probeer bewys lewer dat diegene wat verjaarsdae op tradisionele wyse gedenk besig is om YHVH se Torah te oortree (te sondig) nie. Hierdie is slegs ‘n poging om sekere feite aan die lig te bring en sodoende die lesers minstens hieroor te laat besin.

The beginning of wisdom is found in doubting; by doubting we come to the question, and by seeking we may come upon the truth – P. Abelard.

Ek wil ook aanbeveel dat elkeen die skrywe van Mahdokt Walter oor hierdie onderwerp lees. Dit kan gratis afgelaai word by: http://nuwelied.info/wp-content/uploads/2012/02/Birthdays.pdf. Ek haal die volgende uit haar skrywe aan:

> *Anton la Vey, the author of the SATANIC BIBLE stated the following, and I quote;*
>
> ***Religious Holidays***
>
> *Volgens Anton LaVey (skrywer van die Sataniste Bybel): The most important holiday in Satanism is one's own birthday, as the birth date of one's own god. To a Satanist, you are the most important being in the universe, and celebrating your own birthday honors your own vital existence. LaVey recommends that a Satanist celebrate his own birthday in any way he sees fit. The Satanic celebration of the birthday can also be seen as a mockery of the holidays commemorating the birth of various gods or saints in other religions.*
>
> *Lew White the author of Fossilized Customs states the following in his book, and I quote;*
>
> ***Birthdays***
>
> *The popular celebration of one’s annual birth-day is acknowledged to be, by all authorities on ancient customs, a Pagan ritual from Babylon. The Babylonians served the sun, moon, planets and constellations, a Gentile practice condemned by YHVH. “Do not learn the ways of the Gentiles, and do not be alarmed by the signs of shamayim (heavens, skies, outer space) although the Gentiles are alarmed by them.” Yerme Yahu 10. Birthdays are mentioned in the TaNaKh a total of 3 times: when Yoseph was in prison in Egypt ~ Gen. 40:20, Iyob (Job) 1:4, 5, and Herod’s birthday when Yahuchanan the Immerser (John the Baptist) was beheaded, Mt. 14:6. In the situation described in Iyob 1, Iyob sacrificed an animal because he was aware of his children’s idolatry, for which they all died when the house they celebrated in collapsed on them in a violent wind storm. “His sons used to go and hold a feast in the house of each one on his day . . .” (the NIV eliminated this phrasing, but you can clearly see it in the KJV, NAV, NAS, and*

others). The baker was hanged on the Pharaoh's birthday and the Lěwite Yahuchanan (our Saviour's cousin) was beheaded on Herod's birthday.

The birthday ritual

The ritual of the cake, candles, wish and presents, serve to give thanks to sky luminaries for allowing the birthday celebrant to reach the annual cycle of their birth. The cake was baked for the Queen of Heaven. It was decorated and monogrammed with the celebrant's name. The candles symbolised the sacred fire, carefully numbered for each annual cycle completed. The prayer chant and all the ritual procedures are carefully preserved and it is a religious occasion. Witches regard the day of one's birth the most significant event in a person's life. Astrologers base everything on it. If the celebrant can blow-out all the candles, then a secret wish made to a GENIE (or JUNO if the person is female) will be granted. The birthday itself was a time of great superstition to a Pagan, so they were surrounded by their friends and relatives for protection. In the Greek culture, it was believed that personal abilities and talents were bestowed on an individual by being "inhabited" (possessed) by one or more demons, called MUSES. A person's "genius" was the gift of the Genie, thought of as the overseer of the Muses. The Muses were 9 female deities believed to endow skills in speech, art, science, memory, scholastics, agility, and music ~ a word derived from the 'MUSES" (9 daughters of Zeus & Mnemosyne). [Einde van aanhaling].

In die lig van bogenoemde moet ons dan ook vra: Wat van die viering van Kersfees wat deur Christene as die geboortedag van 'Jesus' gedenk word. Die geskiedkundige feit is dat Kersfees se oorsprong die viering van die geboortedag van die songod (Saturnalia / Tammuz) is en dat dit deur die Roomse Kerk in ongeveer 354 nM met 'n Christenbaadjie geklee was. Meer inligting oor die misleiding van kersfees kan gelees word by http://nuwelied.info/?page_id=338.

Dan moet ons ook vra of ons Hanukkah (Die Fees van Ligte, naamlik die hertoewyding van die tempel) moet gedenk? Miskien moet die vraag nie wees of ons dit moet (mag) gedenk nie, maar eerder hoe ons dit moet gedenk. Die hertoewyding van die tempel op die 25 Kieslev in die jaar 165 voor Messias is 'n bevestigde geskiedkundige gebeurtenis. Wat wel bevraagteken word is die wonderwerk van die spesiale olyfolie vir die menorah wat volgens oorlewering vir agt dae gebrand het hoewel dit net genoeg was vir een dag. Dat Yeshua in die tempel was tydens die fees van Hanukkah is ook 'n feit (Joh. 10:22 en 23), maar daar word niks vertel oor hoe Yeshua of die mense dit gedenk het nie. Onthou hierdie is nie 'n fees (Bestemde Tyd) wat deur YHVH self volgens Lev. 23 ingestel is nie. Meer inligting oor Hanukkah kan afgelaai word deur op die volhende skakel te kliek: http://nuwelied.info/wp-content/uploads/2012/02/StudieFeesteLes11Hanukkah1.pdf

Bepeins of Bespreek

1. Torah-gehoorsame gelowiges is eenstemmig dat die viering van kersfees 'n afgodsfees is en derhalwe nie gedenk moet word nie. Ten opsigte van die viering van Hanukkah is daar meningsverskille, maar grootliks eenstemmigheid dat dit nie as 'n plaasvervanger vir kersfees gedenk moet word nie. Ten opsigte van die viering van verjaarsdae is daar wyd uiteenlopende sieninge**.** Laat ons in liefde hieroor verskil terwyl elkeen sy eie heil in vrees en bewing uitwerk (Fil. 2:12).

2. Moet ons nie, soos in die geval van Hanukkah, besin oor die wyse wat verjaarsdae gedenk word nie? Is die probleem van verjaarsdagviering nie juis die feit dat dit dikwels neig tot menseverering nie? Is 'n verjaarsdag nie eerder 'n geleentheid waar die persoon wat verjaar vir YHVH dankie sê vir 'n jaar waar hy / sy kon arbei om Sy Koninkryk uit te brei nie, en dan ook te vra vir nuwe krag en gesondheid om dit in die nuwe lewensjaar nog beter te kan doen? Is dit nie ook waarop die gelukwensings van familie en vriende moet fokus nie? Soos reeds genoem: YHVH het aan ons elkeen lewe geskenk.

3. Is die herdenking van ‘n geboortedag ook nie eerder ‘n geleentheid van selfondersoek waar ons elkeen onsself meet aan Rom. 12:1 en 2 nie?

   Daarom smeek ek julle, my broers, deur die guns van God, dat julle jul liggame beskikbaar stel as lewende, afgesonderde en aanvaarbare offers vir God; dit is julle logiese dienswerk en moenie hierdie wêreld navolg nie, maar word verander deur die vernuwing van julle denke en julle sal kan onderskei wat die goeie, aanvaarbare en volmaakte wil van God is (PWL Vertaling)

   Elke jaar, nee, elke dag, is ‘n nuwe geleentheid om hieraan te voldoen. YHVH ons Skepper-God het vir jou en my lewe geskenk! Waarom wil ons dan nog geskenke van mense ontvang?

Midrash Haftorah (Haftorah Bespreking)

1 Kon. 1:1 tot 31 – Van geslag tot geslag

Het jy jouself al die volgende baie belangrike vraag gevra: Wil jy hê dat jou kinders soos jy moet wees? Met ander woorde sal jy graag wil hê dat jou kinders die voortsetting van jou karakter, waardes en hoedanighede moet wees? Iemand het by geleentheid die volgende baie belangrike waarheid gespreek: *Children will often fail to listen to their parents. However, they rarely fail to follow their example!* Kan jy met vrymoedigheid aan jou kinders sê om jou voorbeeld te volg, selfs die voorbeeld in jou binnekamer waar niemand jou sien nie, behalwe YHVH jou Skepper-God? In die opsig is dit veral belangrik om die woorde van die profeet Hosea te onthou:

My volk gaan te gronde weens gebrek aan kennis; omdat jy die kennis verwerp het, sal Ek jou verwerp, sodat jy vir My die priesteramp nie sal bedien nie; omdat jy die Torah van jou Elohiem vergeet het, sal Ek ook jou kinders vergeet. Hoe meer hulle vermenigvuldig het, des te meer het hulle teen My gesondig. Ek sal hulle voortreflikheid in skande verander. Hos. 4:6 en 7 – Woord en Getuienis

So dikwels word die eerste deel van vers 6 aangehaal, naamlik: *My volk gaan te gronde weens gebrek aan kennis*, maar daar word versuim om die res van vers 6, asook vers 7 aan te haal wat die gevolge van ‘n gebrek aan kennis van YHVH uitspel! Luister na die waarskuwing en vermaning deur Hosea: Omdat jy die kennis verwerp het en die Torah van jou God vergeet (verwerp) het:

- Sal jy nie meer die priesteramp bedien nie! Jy sal nie meer gereken word as ‘n koninklike priesterdom nie (1 Pet. 2:9).
- Sal YHVH jou kinders vergeet!
- Jou nageslag se sondes sal vermeerder. Die misdaad van die vaders sal besoek word aan die kinders..... (Ex. 20:5).
- Jou kinders se voortreflikheid (heerlikheid, eer en oorvloed) sal in skande verander word.

Die eintlike vraag wat jy en ek dus vir onsself moet vra en eerlik moet antwoord is: *Ken ek YHVH en leef ek volgens Sy Torah*? Indien nie, moet ons deeglik kennis neem van die gevolge van ons keuse vir onsself en ons kinders!!

Kennis van YHVH word opgedoen deur YHVH te ken!

Dít is die ewige lewe, dat hulle U en Hom wat deur U gestuur is, Yeshua, Die Gesalfde Een, sal ken, want U alleen is die God van Waarheid. Joh. 17:3 – PWL Vertaling.

Wie ook al My opdragte het en hulle uitvoer, dit is hy wat My liefhet en wie My liefhet, hóm sal My Vader liefhê en Ek sal hom liefhê en My aan hom openbaar. Joh. 14:21 – PWL Vertaling

Om iemand te ken (Hebreeus: *Yadah*), is om `n verhouding met daardie persoon te hê. Hoe meer intiem die verhouding is, hoe beter sal jy daardie persoon ken en verstaan. Indien jy slegs berigte hoor en lees aangaande `n persoon, sal jy nooit daardie persoon werklik ken nie. Alleenlik wanneer jy die persoon ontmoet het, en `n een tot een verhouding met daardie persoon oor `n tyd het, sal jy die persoon werklik kan ken. Sonder `n ontmoeting en `n persoonlike verhouding sal jy slegs van daardie persoon weet.

Die woord "ken" in Joh. 17:3, en verwysend ondermeer na Jer. 31:34, beteken nie slegs feitelike kennis nie, maar is kennis wat op grond van `n intieme verhouding bestaan. Dit is om te ken op grond van `n eenwording tussen twee persone; `n broederskap en kameraadskap deur een van gees te word. Die woord "ken" in beide Grieks en Hebreeus, beteken *om kennis te hê van, om te verstaan, waar te neem, te onderskei, te ken deur ondervinding en insig te hê*. Dit is om iemand te leer ken op `n baie intieme wyse.

YHVH openbaar Homself deur Sy Torah as 'n liefdevolle Vader wat sy kinders onderrig in geregtigheid. Ons leer YHVH dus ken deur Sy Torah en wanneer ons Torah-gehoorsaam lewe, beantwoord ons Sy liefde vir ons.

Indien jy en ek die sekerheid het dat ons YHVH Yeshua waarlik ken en uit liefde vir Hom Torah-gehoorsaam lewe, dan kan ons met die grootste gemoedsrus begeer en bid dat ons kinders soos ons moet wees. Dan kan ons met gemoedsrus en vrymoedigheid aan ons kinders sê om ons voorbeeld te volg. Hulle gaan dalk nie altyd na ons woorde luister nie, maar hulle gaan wel in hulle latere lewe ons voorbeeld volg.

Beide Abraham en Dawid het YHVH geken en Torah nougeset onderhou, maar het ook wel foute begaan. Hierdie is dan die verband tussen hierdie week se Torah en Haftorah Skriflesing, asook dat beide aan die einde van hulle lewe seker wou maak dat hulle nageslag 'n voortsetting en vervulling van YHVH se beloftes aan hulle sal sien.

In hierdie Haftorah gedeelte word ons ook daaraan herinner dat die vervulling van YHVH se beloftes deur ons nageslag volgens YHVH se keuse sal wees. In Abraham se geval was dit deur Isak en nie deur Ismael nie, en in Dawid se geval deur Salomo en nie deur Adonia nie.

As ouers, en veral soos ons ouer word, raak dit al hoe belangriker om seker te maak dat ons by ons kinders hulle geestelike doel en bestemming ingeprent het. Ons worstel dikwels met die vraag of hulle werklik 'n visie vir die toekoms het, nie net vir persoonlike sukses, huweliks- en gesinsgeluk en op materiële gebied nie, maar veral ten opsigte van hulle geestelike erfenis en geestelike eindbestemming. Is ons geestelike nalatenskap van so 'n aard dat ons kinders met ywer en begeerte dit wil voortsit?

Ons leer ook 'n ander baie belangrike les uit ons Haftorah gedeelte, naamlik ten opsigte van die opvoeding van ons kinders. Ons lees in 1 Kon. 1:6 die volgende ten opsigte van Dawid se opvoeding van sy seun Adònia:

En sy vader het hom sy lewe lank nie gekrenk deur te sê nie: Waarom maak jy so? Bowendien was hy ook baie mooi van gestalte, en sy moeder het hom ná Absalom gebaar.

Dawid het nooit vir Adònia getugtig nie en het dus sy plig as ouer in die opsig versuim. Die gevolg was dat Adònia tot 'n selfsugtige jong volwassene ontwikkel het wat gewoond was dat hy sy sin kry en dat sy vleeslike begeertes bevredig word. Daarom het hy self besluit dat hy Dawid se opvolger as

koning sal wees. Dit het Dawid uiteindelik gedwing om vinnig op te tree en Salomo, volgens die belofte, as koning te salf.

Kinders wat soos Adònia sonder tugtige opgevoed word, het meestal geen ontsag of meegevoel met hulle ouers nie. Adònia het in sy vader Dawid se verswakte toestand ‘n geleentheid gesien om teen sy vader se wil te gaan en die koningskap aan homself toe te eien. Hy was nie eens bereid om te wag tot Dawid gesterf het nie! Hy het sy stand as die oudste oorlewende seun in die koningshuis misbruik deur vir hom waens en perderuiters aan te skaf met vyftig mans wat voor hom uitloop (1 Kon. 1:5). Verder het Adònia met ander gesaghebbendes (Joab en Abjatar) in Dawid se koninkryk onderhandel vir hulle lojaliteit en talle genooi na sy kroningsplegtigheid (1 Kon. 1:7 en 9). Dit alles agter die rug van Dawid.

In Dawid se oudag was sy seun Adònia dus vir hom geen ware vreugde gewees nie. Die skuld hiervoor moet aan die voete van Dawid gelê word, want die oorsprong van Adònia se optrede is weens Dawid se versuim om hom met liefde, wat tugtiging insluit, op te voed. Dit herinner ons aan die volgende Skrifverwysings:

Wie sy roede terughou, haat sy seun; maar hy wat hom liefhet, besoek hom met tugtiging. Spr. 13:24

‘n Strenge tugtiging is daar vir hom wat die pad verlaat; hy wat die teregwysing haat, sal sterwe. Spr. 15:10

Tugtig jou seun, dan sal hy jou rus gee en aan jou siel vreugde verskaf. Spr. 29:17

Voed ‘n kind op volgens die pad wat hy moet gaan en wanneer hy oud word, sal hy nie daarvan afwyk nie. Spr. 22:6

Aan die ouers word YHVH se tugtiging van hulle kinders toevertrou. Dit beteken dat ouers hulle kinders moet tugtig met die doel om hulle lewens volgens Torah te rig. Soos ouers bereid moet wees om YHVH se liefdevolle tugtiging te aanvaar as in hulle eie belang, so moet kinders die tugtiging van hulle ouers aanvaar. Rebellie teen hierdie vorm van ouers se tugtiging is inderwaarheid rebellie teen YHVH.

Julle het tot nou toe nog nie met bloed weerstand gebied in julle stryd teen die sonde nie en julle het weggedwaal van die lering wat tot julle as seuns praat: “My seun, moenie wegdraai van die vasgestelde pad van יהוה *of verslap in jou lewe as jy deur Hom gedissiplineer word nie, want* יהוה *dissiplineer hom wat Hy liefhet en Hy ontvang hulle met wie Hy tevrede is.” Verduur daarom die dissipline, want God behandel julle as kinders. Watter seun word nie deur sy vader gedissiplineer nie? As julle nie gedissiplineer word, soos elke persoon gedissiplineer word nie, dan is julle vreemdelinge en nie kinders nie.* Heb. 12:4 tot 8 – PWL Vertaling.

Die doel van liefdevolle tugtiging is om grense van optrede en gedrag neer te lê. Dit bied sekuriteit aan die een wat getugtig word. YHVH se tugtiging is omrede ons Sy kinders van Sy huishouding is en nie vreemdelinge van ‘n ander huishouding nie! Daarom moet ons dankbaar wees vir YHVH se tugtiging.

Bepeins of Bespreek

1. In vele opsigte, soos reeds in die Torah bespreking genoem is, is elke mens se karakter, waardes en hoedanighede die resultaat (produk) van ouers en voorouers. Hierdie plaas ‘n geweldige verantwoordelikheid op ouers. Uiteraard sal verskieie ander faktore, sommige waaroor die ouers nie werklike beheer het nie, ook ‘n groot invloed hê. Hoe moet ons as ouers hierdie buite invloede hanteer en beheer?

2. Kan ‘n Kind wat nooit gedurende sy opvoeding deur sy ouers streng getugtig is nie, die voortsetting en vervulling van YHVH se beloftes aan die ouers wees sonder dat die kind toelaat dat YHVH daadwerlik in sy / haar lewe ingryp?

3. Ouers wat weier om aan YHVH se huisreëls (Torah) gehoorsaam te wees is gelykstaande aan kinders wat weier om hulle ouers se huisreëls gehoorsaam te wees! Kan ons as ouers van ons kinders gehoorsaamheid vereis terwyl ons self **nie** aan YHVH se huisreëls gehoorsaam is nie?

4. Tugtiging van kinders is ‘tough love’. Hoeveel ouers skram hiervan weg om dan in latere jare die hartseer vrugte daarvan te pluk omrede hulle kinders nie vir hulle ‘n ware vreugde is nie? Iemand het by geleentheid gesê: *Kinders is die vuurmaakhout vir jou oudag wat vir jou die warmte en snoesigheid in jou laaste jare verskaf – wanneer jy dit die meeste nodig het!*

5. Die uitdaging is om ons kinders in die Torah-gehoorsame weë van YHVH op te voed. Maar is dit opsigself ‘n waarborg dat ons kinders in ons voetspore sal volg? Onthou egter wat ons in die Torahbespreking geleer het, naamlik dat ‘n moeder se invloed op haar kinders soos graveerwerk is. Die vader se invloed is soos die letter van die wet, maar die moeder se invloed is soos die Gees van die wet wat lewe voortgebring het en wat die lewende voed!

-o-o-o-o-o-o-o-o-o-

Ontvang YHVH se Woord met welwillendheid, maar ondersoek self die Skrifte of hierdie dinge die waarheid is (Hand. 17:11).

Shabbat shalom.
Johan

Epos: kontak@nuwelied.info
Webwerf: http://www.nuwelied.info

Kopieë mag gemaak en gratis versprei word, maar mag nie verkoop word nie. Geen veranderinge mag aan die oorspronklike teks aangebring word en dit dan onder die naam van Nuwe Lied Bediening versprei nie.